# LAERSKOOL LYDENBURG

Tel: (013) 235 2077 / 235 2079
E-pos: ontvangs@lydlaer.co.za
admin@lydlaer.co.za

Posbus /P.O Box 5
Lydenburg, 1120

Omsendbrief 2 van 2023

19 Januarie 2023

Geagte Ouers

**Ons doen 'n dringende beroep op alle ouers om die omsendbrief, wat weekliks op die groepe geplaas word, te lees.** Belangrike inligting verskyn daarop.

**1. DAGROOSTER: 23 – 27 JANUARIE 2023**

Maandag - Dag 3
Dinsdag - Dag 4
Woensdag - Dag 5
Donderdag - Dag 6
Vrydag - Dag 1

2. **SKOOLTYE**

Skooltye is van Maandag tot Donderdag as volg:
Graad R 07:25 - 12:00 - 13:00
Graad 1-3 07:25 - 13:15
Graad 4-7 07:25 - 13:30

**Skooltye op Vrydae is as volg**: Graad R-7 07:25 - 13:00

3. **ATLETIEKBYEENKOMSTE**

Vrydag - 20 Januarie: Phoenix Top 8 (LSL)
Saterdag - 28 Januarie: Malelane (weg)
Woensdag - 01 Februarie: Ohrigstad (weg)
Vrydag - 03 Februarie: Middelburg (weg)

4. **DAGBOEKIES**

Neem asseblief kennis dat die dagboekie **baie belangrike inligting bevat. Teken asseblief waar nodig en voltooi die inligting voor in die dagboekie! Leerlinge wie se dagboekie nie volgende week volledig voltooi is nie sal 5 demerietepunte ontvang.** Ons gebruik die dagboek se inligting om u te skakel indien u kind siek is. Indien daar nie telefoonnommers in die dagboekie is nie, sal u ongelukkig nie geskakel kan word nie.



5. **MASEL INENTINGS**

Daar word aanbeveel dat alle kinders tussen 6 maande en 15 jaar teen masels ingeënt moet word. Elke leerling in die skool het 'n vorm ontvang en moet asseblief teruggestuur word voor of op Maandag, 23 Januarie 2023, selfs al wil u nie u kind laat ent nie.

5. **SKOOLGELD**

Skoolgeld vir 2023 vir Graad 1 -7 beloop R1 100 x 11 maande = R12 100 – vanaf Januarie tot einde November.

Skoolgeld vir 2023 vir Graad R beloop R1260-00 x 11 maande = R13 860 – vanaf Januarie tot einde November.

Let asseblief daarop dat skoolgeld **vooruitbetaalbaar** is. (Graad R – 7). Skoolgeld is betaalbaar **voor die 7de van elke maand.** **Indien AL u skoolgeld voor 31 Maart betaal** is, kry u 10 % afslag op die totale bedrag. Die skool beskik oor 'n kaartmasjien. Die kassiere is oop vanaf Maandae tot Donderdae, 07:10 – 13:45 en op Vrydae vanaf 07:10 – 12:45.

Indien u gebruik maak van internetbetalings is ons bankbesonderhede as volg:

**ABSA Bank Lydenburg / Tjekrekening / 1010158113 / Takkode: 33-43-51**

**LET ASSEBLIEF DAAROP DAT U MET ELKE INBETALING DIE VERWYSINGSNOMMER SOOS OP DIE REKENING WAT U MAANDELIKS ONTVANG, MOET GEBRUIK! NUWE LEERLINGE MOET VIR EERS HULLE NAAM, VAN EN GR AS 'N VERWYSING GEBRUIK.**

**SUBSIDIEVORMS: Sal eers beskikbaar wees** by ontvangs **vanaf 24 Januarie**.
Aansoeke sluit op 17 Maart 2023.

Laerskoolgroete

**CORNELUS LEMMER**
**HOOF**